# Huldigingswoord

Die vise-kanselier en rektor van die Universiteit van Pretoria

Die Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria vier vanjaar sy vyf en sewentigste bestaansjaar. Dit is 'n besondere geleentheid en regverdig inderdaad 'n feesuitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* waarin aandag gegee word aan die geskiedenis en bydraes van die Fakulteit oor so 'n lang tydperk. Afdeling A van die Fakulteit Teologie het sinoniem geword met die Universiteit van Pretoria. Hierdie verbintenis wat oor 'n driekwart eeu strek, was vir beide die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Universiteit van Pretoria tot voordeel. Mag hierdie verbintenis nog verder uitgebou en bestendig word. Ons wil ook die Fakulteit Teologie van harte gelukwens by hierdie groot geleentheid. Mag u steeds van krag tot krag gaan.

Dit is ook gepas dat hierdie feesuitgawe van *Hervormde Teologiese Studies* opgedra word aan professor J P Oberholzer. Professor Oberholzer het aan die einde van Januarie 1992 afgetree as dekaan van die Fakulteit Teologie (Afdeling A). Die ses jaar wat hy dekaan was, span die kroon op 'n lewe van onbaatsugtige diens en toewyding aan die Nederduitsch Hervormde Kerk, die Universiteit van Pretoria en die breë gemeenskap.

Johannes Petrus Oberholzer is op 3 Oktober 1927 in die distrik Witbank gebore. Na sy opleiding aan die Cyferfontein plaasskool en Hoogenhout Hoërskool, Bethal, skryf hy in 1945 by die Universiteit van Pretoria in as student. Hy behaal die grade BA (1947) en later 'n MA in Semitiese Tale (1957) en DD (met lof 1967).

Reeds gedurende sy skool- en universiteitsjare onderskei hy hom as leier. Hy was hoofseun in matriek, huisvoorsitter van Voortrekkertehuis, praeses van Van der Hoff Teologiese Vereniging, sekretaris van die ASB Hoofbestuur en voorsitter van die ASB-tak, UP.

Die jong Bart Oberholzer word in 1951 in die toenmalige Salisbury georden en bedien tot 1953 'n wye gebied in die destydse Suid-Rhodesië. Vanaf 1953 tot 1970 het hy in die gemeentes Boksburg, Middelburg (Tvl), Rustenburg, Pretoria en Verwoerdburg as predikant gearbei.

Prof Oberholzer is in die eerste plek kerkman. Sy bydrae op hierdie terrein is indrukwekkend. Hy dien dan ook vanaf 1964 tot 1989 op die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering – een van die hoogste gesagsliggame van die Hervormde Kerk. Vanaf 1973 tot 1989 is hy voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. In dié tyd neem hy die inisiatief vir die vestiging van die Kerklike

Instituut vir die Toerusting van ampsdraers en lidmate (KITAL) en is hy betrokke by verskei belangrike ontwikkelings binne die Kerk.

Prof Oberholzer het hom nog altyd beywer vir die bevordering van die Afrikanerkultuur. Hiervan getuig 'n groot deel van sy publikasies, sy lewende belangstelling in die geskiedenis en sy onbaatsugtige bydrae tot die uitbou van die Voortrekkerbeweging. Hy is lewenslid van die FAK en SABRA. Daarbenewens dien hy op verskillende kultuurliggame. Hy het ook sy bydrae gemaak op die gebied van die onderwys. Naas verskillende skoolkomitees en ander instansies wat in belang van die onderwys opgetree het, is hy van 1974 tot 1976 lid van die Raad van die Rand Afrikaanse Universiteit. Hy is sedert 1968 ook lid van die Raad van die Tegnikon Pretoria en is tans voorsitter.

Johannes Petrus Oberholzer se loopbaan as akademikus begin wanneer hy aangestel word as tydelik-deeltydse lektor in die Departement Semitiese Tale aan die Universiteit van Pretoria (1955-1959). In 1958 vestig hy saam met professor E P Groenewald die vak Bybelkunde aan die Universiteit van Pretoria en gee as tydelik-deeltydse lektor klas in Bybelkunde in 1958 en weer vanaf 1968 tot 1972. In 1963 en 1967 neem hy ook waar as dosent in die Ou-Testamentiese Wetenskap in die Fakulteit Teologie (Afd A). Vanaf 1971 is hy professor in en hoof van die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap. Vanaf 1978 tot 1987 is hy plaasvervangende dekaan en vanaf 1987 is hy dekaan van die Fakulteit Teologie. As dekaan lewer hy 'n bydrae van onskatbare waarde tot die uitbouing van die Fakulteit Teologie en die verbeterde aanbieding van die teologiese kurrikulum. Onder sy bekwame leiding vind 'n volledige herkurrikulering plaas, word onderrigmetodes en die rooster indringend hersien en word rasionalisasie afgehandel. Hy is ook grootliks verantwoordelik vir die Sentrum vir verdere Teologiese Toerusting, 'n instelling wat in samewerking met KITAL reeds werk van onskatbare waarde doen in diens van die kerk, die teologie en die Universiteit. Prof Oberholzer se werk as dekaan dien inderdaad as 'n voorbeeld van die Universiteit van Pretoria se strewe na uitnemendheid.

By sy talle kerklike en universitêre verpligtinge en sy betrokkenheid in die gemeenskap, vind hy ook nog tyd om oor etlike jare 'n substansiële bydrae te maak tot die nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans. Hy berei die konsepvertaling van byna een derde van die Ou Testament voor, doen hersiening en ander redaksionele werk en speel 'n leidende rol in die eindredaksie van die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. Hy dien as voorsitter van die eindredaksie vir die voortgaande hersiening van die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling en as voorsitter van die kerklike advieskomitee oor Bybelvertaling van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Tans is hy voorsitter van die Bybelgenootskap se projek 'Nuwe Afrikaanse Vertaling – Verwysingsbybel'.

Sy publikasies sluit, naas 'n hele reeks vakwetenskaplike artikels, ook 'n groot aantal bydraes in oor Bybelvertaling, kerkgeskiedenis, biografieë, volksgeskiedenis en -kultuur en teologie in die algemeen. Uit sy publikasies is dit duidelik dat hy teologie nie net in 'n akademiese milieu bedryf nie, maar dat hy dit afstem op die kerklike praktyk en die breë gemeenskap. Dit word bevestig deur die feit dat onder sy entoesiastiese leiding die Sentrum vir Teologie en Diens gevestig is met die doel om opleiding te verskaf aan lekepredikers van die talle onafhanklike swart kerklike groeperings. Hierdie opleiding vind sedert 1989 plaas by die Didache-Instituut wat op inisiatief van prof Oberholzer naby Hammanskraal opgerig is. Sy diens aan teologie, kerk en gemeenskap is op verskeie wyses erken met toekennings waaronder:

- Die Orde vir Voortreflike Diens, Klas 1, Goud, 1988;
- Die H C M Fourie Erepenning vir die bevordering van die Bybels-Reformatoriese Teologie in Suid-Afrika, 1983;
- Die Oorkonde vir Bybelvertaling van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1974 en
- die toekenning vir besondere kultuurprestasie van die FAK, 1984.

Johannes Petrus Oberholzer is iemand met 'n opregte geloof, diepe insig, 'n gebalanseerde kritiese gees en 'n ongekende werkvermoë. Dit is 'n voorreg om in 'n voorwoord hulde te bring aan 'n vriend, 'n man met 'n onkreukbare karakter wat onvoorwaardelik bereid is om te dien en wat oor baie jare uitnemend diens aan sy kerk, sy land, sy alma mater en die breë gemeenskap gelewer het.

Professor P Smit
Vise-kanselier en rektor, Universiteit van Pretoria
Maart 1992